

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 241

(Geen datum)

Lyding

* * * * *

"Deurdad Christus self onder versoeking gely het,
kan hy dié help wat versoek word."

(Heb. 2:18)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika,
Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald
(Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

LYDING

As jy die woordjie "lyding" hoor . . .

— dink jy dadelik aan Christus en Sy lyding vir jou sonde?

— óf dink jy aan jóú lyding en swaarkry?

Want kyk —

As Christus klaar gely het ter wille van jóú, hoekom moet jy nog ly en swaarkry?

Wat is lyding?

AARDSE LYDING

Aardse lyding is al die swaarkry wat ons as mense in die lewe moet verduur.

Die een persoon het miskien meer om te verduur in die lewe en die ander persoon weer minder, maar uiteindelik spring niemand aardse lyding geheel en al vry nie.

Hoe gaan jy die lyding 'n bietjie ontvlug of versag?

As jy reeds in die middel daarvan is, gaan 'n pilletjie of twee of selfs die gebruik van drank dit nie minder maak nie!

Job het gedink dat hy 'n tydjie van sy ellende kon vergeet as hy slaap, maar dan verskrik drome en hallusinasies hom - die een nagmerrie op die ander!

Is lyding logies?

Baie van die swaarkry is juis dat lyding so onregverdig is! (of altans só dink ons).

Asaf kla in Psalm 73 dat die goddeloses wat dit verdien om gestraf te word, dan juis so voorspoedig is en dat hy wat regtig sy kant probeer bring om die Here te dien, elke dag moet deurloop.

Die belangrike punt wat ons by lyding moet raaksien en onthou, is dat Jesus Christus Hom heeltemal kan vereenselwig met iemand wat swaarkry.

In Sy oomblikke van lyding haal Hy juis Psalms aan wat mense in hul swaarkry tye geskryf het! Hy is dus self nie 'n vreemdeling en buitestaander nie.

Die toppunt van Jesus se lyding was toe Hy aan die kruis gehang het. Pyn het Hom van alle kante af oorweldig en seergemaak:

- **liggaamlike pyn** - géseling en doringkroon en die uiters pynlike teregstelling aan die kruis;
- **liggaamlike uitputting** - Hy moes gehelp word met die dra van die kruis en Hy het dors gehad;
- **veronregting** - Hy was ónskuldig veroordeel tot die dood;
- **verwerping** - Sy dissipels het Hom verlaat en die volk aan wie Hy net goed gedoen het, wou Hom nie hê nie;
- **veragting** - Hy is verskriklik gespot en verneder deur almal, naamlik die soldate, die verbygangers, die priesters;
- **versoeking** - Hy is tot die uiterste getart om 'n misstap te begaan;

- **verarming** — alles is van Hom weggeneem sodat Hy nakend aan die kruis gehang het.

Daarom sê Hebreërs 2:18:

'Want deurdadig dat Hy self onder versoeking gely het, kan Hy dié help wat versoek word'.

Hebreërs 4 wys verder daarop dat die hoëpriester wat ten behoewe van die volk by God moet intree, medelye moet hê met die mense se swakhede. Hy moet nie 'n buitestaander wees nie! Jesus het juis medelye omdat Hy self gely het.

Hebreërs 5:7 tot 9 sê: Hy het tydens sy aardse lewe gebede en smekinge met sterk geroep en trane aan Hom geoffer wat Hom uit die dood kon red. "Hy, al was Hy die Seun van God, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het".

Wie graag wil praat oor sy lyding, moet hom nie verstriek in al die fyn besonderhede van sy unieke omstandighede nie, maar eerstens opkyk na Hom wat werklik medelye het en eerstehands kan saampraat!

Ds. Dirk Wijnbeek

Wat is die doel van lyding?

Wat is die doel van aardse lyding? Kom ons stel dit baie persoonlik: Hoekom moet jy daardie spesifieke lyding verduur? Met hierdie vraag het ek baie probleme, want:

1. Hoe gaan jy weet wat presies die oorsaak/rede is vir die feit dat jy teenspoed beleef?
2. Is die doel vir hierdie teenspoed geregverdig, met ander woorde: het jy dit verdien of nodig gehad?
3. Kon dieselfde doel nie miskien op 'n ander manier bereik word nie?
4. Is die doel wat gestel is met jou lyding, inderdaad bereik en hoe gaan jy dit weet?

Ons weet net dat die doel met Jesus se lyding bereik is, want van Hom sê die Bybel baie uitdruklik in Hebreërs 2:10 dat dit God betaam het om die Bewerker van Sy kinders se saligheid deur lyde tot volmaaktheid te bring.

Hebreërs 5:9 sê dat dié doel inderdaad bereik is:

"Hy, al was Hy die Seun van God, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het; en nadat Hy volmaak is, het Hy vir almal wat Hom gehoorsaam is, 'n bewerker van ewige saligheid geword."

Maar wat is die doel van jou lyding?

In sy tweede brief aan die Korintiërs skryf Paulus oor die lyding wat hy ervaar het op sy eerste sendingreis. Dit was by tye so erg dat hy wou handdoek ingooi en dat hy gedink het dat dit met hom klaarpraat is "Dit het vir ons gevoel asof die doodvonnis klaar oor ons uitgespreek is". Dan wys hy die doel daarvan aan: "Dit het gebeur sodat ons nie op onself sou vertrou nie, maar op God wat die dooies opwek tot die lewe". U kan meer daarvan lees in 2 Korintiërs 1:8-11.

Dit is 'n duidelike doel en dit klink uit Paulus se eie woorde of daardie doel regtig bereik is. Tog was dit nie die einde van Paulus se swaarkry nie!

Toe hy teruggekom het van die derde sendingreis was sy teenspoed weer blou in die blom! Sy regters het met hom kat-en-muis gespeel en so het dit gekom dat hy onnodig vir twee jaar in die tronk gebly het! Hy het dit self beëindig deur hom op die keiser te beroep om sy saak te verhoor, maar oppad na Rome het hulle 'n verskriklike skeepsramp deurgemaak. Vir al dié dinge gee die Here nie 'n doel aan nie!

Dis belangrik om te sien dat Paulus, alhoewel hy nie geweet het wat die doel daarmee was nie, tog wel baie duidelik geweet het waar hy persoonlik met die Here staan, en dit was vir hom 'n bron van groot vreugde wat nie deur die lyding gedemp kon word nie!

So skryf hy op sy oudag aan die jongman Timoteus:

"Wat my betref, ek word alreeds as drankoffer uitgegiet. Die tyd van my dood is voor die deur. Ek het die goeie wedloop afgelê; ek het gelowig enduit volgehou. Nou wag die oorwinnaarskroon vir my, die lewe by God. Op die dag dat Hy weer kom, sal die Here, die regverdige Regter, dit vir my gee en vir almal wat met verlange uitsien na sy koms."

Is dit nie maar net mooipraatjies om 'n lastige vraag te sistap nie?

Maar luister dan na Jesaja 40:13 -14:

"Wie kan die Gees van die Here peil, wie kan Sy raadgewer wees? Vir wie raadpleeg Hy dat dié Hom tot insig bring en Hom sou leer wat om te doen? Wie leer Hom en onderrig Hom dat Hy met insig kan optree?"

Moet ons dus redes probeer uitdink vir dinge waarvoor Hy geen redes gee nie?

Nee, dis 'n vrugtelose oefening!

Maar gebruik liever wat jy het, naamlik dié Een wat met jou medelye het, dié Een wat God deur lyding tot jou volmaakte Helper gevorm het.

Die Skrif nooi jou in Hebreërs 4:16 uit:

"Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word."

Ds. Dirk Wijnbeek.

God is betrokke by jou lyding

As ons sê: "Kyk my vriend . . . God is betrokke by jou lyding . . ."

Kan met reg gevra word: Maar hoe?

Hoe **IS** God in Christus by jou aardse lyding betrokke?

- By jou pyn en hartseer?
- By jou swak gesondheid en siekte?
- By jou armoede en werkloosheid?

Die antwoord lê in vier areas opgesluit!

- In die eerste plek is God by die mens se lyding betrokke in SY MEDELYE! (Kyk na die vorige artikel). Geen kind van God staan in sy lyding alleen nie. Lyding is juis 'n geleentheid om God deur Christus intens te leer ken en lief te kry.
- Tweedens is God by die mens se lyding betrokke in SY OORDEEL! Dit beteken NIE dat jou lyding 'n persoonlike oordeel van God is nie, want dan maak jy dieselfde fout as die vriende van Job.
 - Dit beteken egter dat aardse lyding gesien moet word teen die agtergrond van God se oordeel oor die sonde. Lyding wys dus dat iets in hierdie wêreld nie in orde is nie . . . dat die sonde nog heers.
 - Daarom móét lyding ons bring tot 'n sondebeseft. Dit moet 'n stimulus wees om te soek na vergewing en bekering.
- Derdens is God by die mens se lyding betrokke in SY GENADE!

Natuurlik verlig God elke dag mense se aardse lyding deurdat Hy. . .

 - ons vertroos;
 - 'n einde daaraan maak;
 - en dit is . . . genade!

Lyding leer 'n mens juis daarom om te leef uit God se genade.

- Laastens is God by die mens se lyding betrokke in SY VERLOSSING!
 - As jy jou aardse lyding maar net enigsins wil sien teen die lig van Christus se lyding, word dit helder en duidelik:
 - Christus moes ly, sodat jy en ek verlos kon word . . .
 - verlos van sonde
 - ook verlos van lyding.
 - Daarom kan Psalm 73 dit sê : "(dat) na die dag van aardse stryd . . . sal God my opneem in heerlijkheid."
 - Ja . . . lyding loop uit op . . . verlossing!

Laat dit daarom ons bede wees:

Here, ons dank U dat U betrokke is by my lyding. Verlos my daarvan . . . net ter wille van Jesus Christus!

Ds. Nico Ligthelm.